+27 28 514 8500
info@swellenmun.co.za
swellenmun
www.swellenmun.co.za
+27 28 514 2694

49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

MINUTES OF THE WARD 4 FEEDBACK MEETING HELD ON 2 APRIL 2024 AT 19H00 AT THE RAILTON COMMUNITY HALL

1. **VERWELKOMING**

Rdl Du Rand open met gebed. Mnr Hartnick open met gebed.

Bywoning soos per register - Lucreshia Pietersen maak verskoning.

ALGEMEEN / GENERAL

- **Khoisan History & Acknowledgement by Municipality / Khoisan Geskiedenis & Erkenning deur Munisipaliteit**
  Mr Hartnick het navorsing gedoen oor munisipaliteit, khoi-san gemeenskap in munisipale gebied word geskiedkundig onderdruk. Volgens konstitusie moet demografiese groepe verteenwoordig word. Veral gemeenskap van Railton en Barrydale kry bietjie swaar, meer aksie nodig van munisipaliteit af. Dit is belangrik vir die kultuur om te groei om te bestaan, meer reaksie nodig van munisipaliteit om die kultuur te help, daar is genoeg informasie om te kan verbeter sodat geweld in gemeenskap kan daal. Rdl Du Rand stem saam, dit is n goeie idee om geskiedenis van areas in te sluit op die website. Mr Hartnick praat van 'n steen by ingang van Munisipaliteit, kan daar dalk 'n gedensteen opgesit word by ingang vir Hessequa khoi-san oorspronklike inwoners en afstameling?

- **Rondomskrik Housing Development / Rondomskrik Behuisings Ontwikkeling**
  Mnr Jonas vra oor huise in Rondomskrik, wanneer gaan dit klaar wees? Gaan al die huise geidentifiseer wees? Rdl Du Rand noem daar is 241 huise wat einde Junie klaar gaan wees, al die geld kom nie van provinsie af nie, van die geld kom van infrastruktuur af, elektrisiteit geld kom vanaf INEP wanneer top strukture gebou is. Die eerste mense wat huise kry is die wat ouer as 60 is, hulle moet ten minste 3 jaar op die waglys wees en moet kan bewys dat hulle hier bly vir meer as 7 jaar. Die huishoudings wat minder as R3500 verdien kry deurnis. Die res van die huise sal eers kan gebou word wanneer Eskom nog elektrisiteit kapasiteit kan voorsien. Ons kort nog 3 MVA maar die substasie en lyne moet eers opgegradeer word om dit te kan doen wat eers teen 2028 voltooi sal wees. Dit affekteer nie net vir Swellendam nie maar strek so ver tot Heidelberg. Provinsie sal eers die huise goedkeur as daar elektrisiteit is.

- **Application Process for elders at "ou blok" for adding bathrooms / Aansoek Proses vir ouderlinge by "ou blok" vir die byvoeging van badkamers**

  Die ou blok se sypaadjies lyk bietjie sleg omdat die riool lyn ingesit word, dit is om toilette aan die buite huise te kan bou. Die riool lyn word nou op die sypaadjies gesit sodat die gravitasie die riool soontoe kan neem. Die aansoek proses/kriteria vir mense wat nie kan bekostig om toilette self te bou nie, is nog in die proses en sal verduidelik word sodra dit gefinaliseer is, maar daar word elke jaar begroot om mense te help. Vanaf die vloer- kontrakteurs moet safety blocks opsit waar gegrou word, dit is 'n veiligheids risiko vir kinders. Dit sal moet aangespreek word met die kontrakteurs.

- **Road Maintenance / Pad Onderhoud**

  Die 3 jaar MIC projek begroting is goed gekeur. 7de Laan paaie, Smartie town grond paaie - R27 miljoen gaan spandeer word oor die volgende 3 jaar aan paaie. 72% van MIC fondse was spandeer teen einde Desember 2023, as mens nie jou MIC fondse spandeer nie dan vat MIC die fondse weg. Ons het nou R2.3 Miljoen by gekry. In Mei sal ons kan begin met die projek, 'n gedeelte moet spandeer word uit die counter-funding. Daar is ook 'n verdere R9 miljoen goed gekeur vir die volgende 3 jaar vir die herseel en regmaak van paaie in Railton.

- **Masakhane Process / Masakhane Proses**

  Elke jaar word die begrotingsbeleide ook hersien. Daar was 'n vergelykings verslag gevra vanaf 2016 tot nou om te sien hoe die deernis beleid verbeter is. Daar was baie goeie verbeteringe. Die water se limiet sal weggevat word en ons probeer om die krag limiet ook weg te vat sodat mens kan kwalifiseer op inkomste en die hoeveelheid krag of water gebruik is dan irrelevant maar dit is nog net 'n voorstel. Alles kan nie altyd geakkomodeer word nie, maar die munisipaliteit probeer hul bes. Die proses is nogsteeds dat jy net een eiendom op jou naam mag hê, water gebruik is 400-600 kl die eerste 6kl is nogsteeds gratis, as jy op vol deernis is kry jy 50 elektrisiteit eenhede, half deernis is 20 eenhede. Bankstate, sassa kaarte, ID en munisipale rekening is nodig om aansoek te doen. As jy op iemand anders se eiendom bly kort jy 'n brief van hulle af wat sê jy mag aansoek doen vir deernis met hul naam, erf nommer en handtekening. Die aansoeke word gedoen by die sy-saal van die Stad Saal. Jy moet elke jaar weer aansoek doen.

- **Creation of Business Park in Ward 4,5 & 6 / Skepping van Besigheidspark in Wyk 4,5 & 6**

  Provinsie het geld gegee vir die besigheids park in Barrydale en gese ons moet eers daai een laat werk voordat hulle gaan geld gee vir Railton. Maar ons sukkel met die mense om aansoek te doen om 'n spasie te huur. Die LED val onder die MM, sy doen dit en die corporate director se werk. Die Cobra loodgieter kursus wat daar was asook die konstruksie werkswinkel was gereel en gehou en volgende week is daar weer een vir huishulpe. Die PicknPay en die winkels wat begin is skep alles werksgeleenthede. Daar is baie ander projekte in die pyplyn ook.

- **IDP Process & Dates / IDP Proses en Datums**
  Die "IDP Draft Budget Feedback Meeting" vind plaas op 7 May om 6h30 by die Railton Gemeenskap Saal vir wyk 4. Na die strategiese sessie op 18 April sal ons weer die Masakhane proses bespreek. Meeste IDP word vir 5 jaar goedgekeur en word elke jaar hersien.

  Vergadering verdaag om 20h50

+27 28 514 8500
info@swellenmun.co.za
swellenmun
www.swellenmun.co.za
+27 28 514 2694
49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

WYK 6 KOMITEE VERGADERING GEHOU TE RAILTON GEMEENSKAP SAAL OP 2 MEI 2024 OM 18H00

1. **VERWELKOMING**
   Afwesigheid: Soos per register. Mnr Swarts het verskoning gemaak.
   Rdl Matthysen verwelkom almal by die vergadering.

2. **OPENING MET GEBED**
   Me Lewis open met gebed.

3. **ALGEMEEN**
   Rdl Matthysen spreek lede aan oor bywoning. Meer mense moet die vergaderings bywoon om die vergadering produktief te maak.

3.2 MUNISIPALE REKENING
Mnr Michaels noem dat hy 'n rekening gekry het van R470, hy is op masakhane. Die vorige maand was die bedrag R100, waar kom die bedrag vandaan? Rdl Matthysen noem dat die kwessie met finansies bespreek moet word om te bepaal wat aangaan.

3.3 KRAG
Me Lewis noem dat krag nogsteeds geblok word al betaal 'n mens. Me Lewis het huis besoeke gedoen, mense kla verskriklik oor dit. Reëlings word getref telefonies, dan word die mense op auxiliary gesit. Rdl Matthysen noem dat een van die hoofredes is dat baie mense reëlings maak en dit nie nakom nie, dan word hulle krag geblok. Mense moet by die reelings bly. Moet nie reël om meer te betaal op jou agterstallig as jy dit nie kan bekostig nie.

3.4 KABEL SLOOT
Mnr Michaels noem dat kinders beseer word deur in die kabel sloot te val in Ring straat.

3.5 ROMMEL
Kan die Thusong sentrum nie dalk buite om in stand gehou word nie. Gras in Frezia straat is baie hoog. Gazania straat het baie rommel, daar lê selfs mediese naalde. Daar is baie areas wat kommerwekkend is. Me Pekeur vra of die komitee lede nie dalk die vullis gaan optel nie? Vullis strooing was ernstig bespreek by die raadsvergadering op 30 April, adop-a-spot

was voorgestel. Dit was ook voorgestel dat die grond aan mense geleen word om te plant. Die raad sal nog 'n besluit maak daaroor. Ons hoop om binnekort vordering te sien.

3.6 TOEDIEN VAN TENDERS

Me de Vie Noem dat dieselfde mense die heeltyd tenders kry. Die munisipaliteit moet nie heeltyd aan die laagste tender toegestaan nie. Dit is baie keer nie winsgewend vir die persoon aan wie die tender toegestaan word nie en soms het hulle nie die nodige toerusting of masjiene nie. Die munisipaliteit moet 'n redelike "estimate" he van wat die werk gaan kos en dan daar volgens die tenders toestaan. Munisipaliteit moet ook opleiding bied aan die gemeenskap oor hoe om tenders suksesvol in te dien.

4. **VAKANTE POSISIE**

   Rdl Matthysen vra of daar 'n voorstel is om die heidiglike vakante posisie kan vul. Mnr Michaels vra dat daar met die volgende vergadering nominasies kan wees, Me Pekeur sekondeer. Rdl Matthysen noem dat dit al in die verlede probeer was, maar dit gebeur nie. Me de Vie stel Felicity voor, Me Lewis sekondeer.
   Daar word 4 stemme gegee om Me Felicity Tompson aan te stel. 2 stemme vir die eerste voorstel.

   Speaker noem dat dit belangrik is vir lede om die GOP vergaderings by te woon. by die volgende vergadering sal lede "inwoner terugvoering vorms" kry om inligting vanaf die gemeenskap af te kry oor hoe om die wyks komitee vergaderings te verbeter.

   Rdl Matthysen herinner lede dat die begroting insette sluitings datum 16 Mei is, lede word aangemoedig om op skrif insette te maak en vanaf die gemeenskap ook insette te kry.

5. **AFSLUITING**

   Me De Vie sluit af met gebed.

WARD 2 COMMITTEE MEETING NOTES:

10 JUNE 2024.

Notes are based on items as outlines on the provided agenda.

1. Welcoming was done by Cllr. I Ferguson to all attending committee members.
2. Mr R Claassen opened with prayer.
3. Cllr I Ferguson indicated the floor is open for GENERAL points and no minutes of the previous meeting is available to be approved and signed.
   3.1. Water Bills
      3.1.1. Community members have an issue with regard to when they pay their account there is already new amounts added. This was explained by Me W Karsten, it depends on when the account is paid, some are outstanding accounts that have interest added, others is already billed for the next months basic fee.
      3.1.2. The community members are upset about water meters that are locked. They want to know if its legal for the municipality to lock the meters. Me W Karsten will confirm the standard regulations with regard to this.
      3.1.3. Community members do not understand the spike in water usage especially in the winter months where to their knowledge they use less water. Me W Karsten explained it can be multiple reasons for the higher readings. Readings cannot be taken wrong by the meter reader, they confirm readings with photos. We can only bill based om what the meter indicates. People must also do a practical test at their homes to ensure they have no leaks in their system. The readings can be explained by the office personal on request.
      3.1.4. Community members want to know when the meter readings are taken monthly to see if they can monitor it themselves. It feels like there is discrepancies for when the readings are taken and what is shown on the bill. Me W Karsten will confirm the set out dates for readings.

   3.2. Cleaning of Stormwater Ditches
      3.2.1. There is a major issue in Wilgerlaan with regard to stormwater that is not being addressed with water running through and into peoples homes. Me W Karsten indicated the municipality is aware of this issue and a report is submitted to infrastructure to solve the problem. She awaits feedback and confirmation.
      3.2.2. Streets that was paved a few years back is not in the same condition as they were. The community feels that stormwater was not accounted for and needs to be looked at.
      3.2.3. Stormwater channels have not been maintained for a long period of time. It is a struggle to get back to a standard where all channels work again as is supposed. The municipality is working on it but it is a slow process because they are short staffed.

   3.3. Businesses owned by Foreigners
      3.3.1. The community is upset because 95% of spaza shops and other businesses is owned by foreigners that they are not sure is even legal in the country. They want their own community members to be pulled in more and that municipal by-laws must be adhered to with regard to these shops.
      3.3.2. The community feels that it seems that these people get away with having illegal shops open, do what they want, place rubbish in streets and not take responsibility for their shops. The shop owners are also not being held accountable for renting the shop space

to foreigners. They want to know if health and safety inspections are done with the presence of the police. They also do not understand why the process is not followed to close illegal shops that are not complying to the municipal by-laws.

3.3.3. The foreigners also sell cigarettes to school kids and minors. They don't take care of the community children and only react on the fact that they want sales. They also leave children that are smoking dagga on their premisses and do not report it. They provide no commitment to the community in helping to stop the children from doing wrong things.

3.4. Liquor Licences

3.4.1. There is a lot of complaints form the community with regard to liquor store licences. They do not understand the applications and therefore sometimes have wrong perspective of what the public participation process is for. The process needs to be handled and managed better.

3.4.2. It was noted that earlier ward meeting should have been held with regard to the application for a liquor store in Smithville so that the concept and situation could have been clarified and a better support / objection system could have been achieved.

3.4.3. There is also a lot of complaints about existing liquor stores and the surrounding circumstances around them. Something must be done about the public drinking at the PEP stores parking area by the liquor store. It must be looked into the approval and standards and conditions and they must be enforced by law enforcement and the municipality on the part that they can enforce.

3.4.4. There must be looked into the fact of what does the by-law indicate to at least motivate the owner of the grounds to do his part to provide public ablutions for the current situation at the area.

3.4.5. It is the opinion of some of the committee members that the town have expanded over the years and the municipality did not develop with the town and therefore these issues of public toilets etc is at hand.

3.5. Expiration of Municipal Properties

3.5.1. It is a great concern to members of the community that the old heritage building owned by the municipality is falling apart. They feel the new tenders that have awarded the buildings to people must be looked at and evaluated to make sure that the responsible entity in the agreement comply to the contract reached with them to indeed improve the condition of the building. The condition of the buildings have negative impact on tourism in the town especially with what the tourism building looks like at the entrance of the town.

3.6. High Risk Kids and report to Minister

3.6.1. There was a detailed report written on 5 kids in Barrydale with high risk situations and it was submitted to the minster and numerous other managers at ACVV, Police and department of education.

3.6.2. There is thoughts that this have created an bad situation with the local social worker. She is acting defensive towards the report but the idea was to make sure that the situation is being handled and the processes being followed.

3.6.3. The community feels that reported assaults and situations in schools and among the youth that are reported to the social worker never have final results. It does not become a clear case for the magistrate. The co-working between the social worker and

police services appear to non-existent. The community feels somewhere someone is not doing their work to ensure that cases are handled and reach the magistrate court.

3.6.4. The actual data must be submitted for cases reported so that the department can realise what is the actual situation in Barrydale and that they can appoint assistance for the social worker in town. More focus must be placed on the processes, reports and information provided to provincial government and the department. It is proposed to have discussions with the ACVV committee to see where it can be worked together to better the situation for the people in Barrydale.

3.7. Environmental Affairs

3.7.1. IUCN gave money to Grootvadersbosch conservancy for the contract of clearing alien vegetation in the river. The feel of the community is that they should have also used local contractors to help out on the project to educate them and create work opportunities in the community instead of using contractors from Suurbrak.

3.7.2. The people in town without work needs to be educated in these type of activities so that it can create opportunities for them to be able to make their own work.

3.7.3. Me H Cooke have arranged with department of environment to provide herbicide to the surrounding farmers and feel the opportunity for herbicide and education on herbicide uses must also be provided to the small farmers association in Barrydale. The biocontrol officer from Dep. Env. is available to provide them with this information and and guidance on request.

3.7.4. Me H Cooke also asked with regard to the people that have farmland in town and have animals on their land, what is the process to follow with regard to dead animals. Me W Karsten indicated that dead animals must be reported to the municipal offices and then we will remove the animals form the property.

3.8. General Items

3.8.1. Cllr. I Furgeson indicated that one of the open post on the ward committee will be proposed and filled by means of an election to be held by the old people on Thursday 13 June 2024 in the presence of Me W Karsten as witness to the election process.

3.8.2. Cllr. I Furgeson indicated that there is a major problem with regard to the cemetery in Smithville. The ground is to hard and not workable by hand labour. This issue have been escalated to the MM and infrastructure director previously already and feedback is awaited for the way forward.

3.8.3. Mr C Williams indicated that he has submitted his request for funding for a new sports facility for the community to the minister, but have again received feedback that there is no funds available this year. He is now looking at other investment options for private or other entities that can provide financial support but he needs a letter from the municipality to indicate that the proposed site / erf is earmarked for this development as was promised by Mr F Du Rand the mayor.

3.8.4. Cllr. I Furgeson announced that there is a recess form the 16th June 2024 to the 19th July 2024 for the ward. Thereafter another meeting and also feedback meeting will be held.

3.8.5. Me H Cooke announced that she will be going away for a long while and after her return she also needs to go for an knee operation and therefore will not really be available for committee meetings and activities. Cllr. I Furgeson suggested to cooperate Me R van Rooyen to stand in for Me H Cooke during this time. It will have to be confirmed with the speaker of how the process works.

3.8.6. Cllr. I Furgeson indicated that hunger is a major problem in the community area for children and al plan needs to be made to provide them with food. Amongst farm workers living conditions is poor on farms. More attention must be given to the farm workers circumstances and why it is so bad. Discussions with the farmer on the condition may be a good starting point to understand why this happens to be able to provide the people with detailed information.

3.8.7. Me H Cooke was upset with this remark because of statistics show that alcohol sales in Barrydale is at high percentages and the people have money to spend on alcohol but not on food. Also all the schools provide meals for kids and Net Vir Pret also feeds the kids in the community.

3.8.8. Me H Cooke also announced that she is officially resigning form the ward committee.

3.8.9. The next meeting date is to be confirmed after the recess.

4. The meeting was ended off with a prayer by Mr R Claassen.

+27 28 514 8500
info@swellenmun.co.za
swellenmun
www.swellenmun.co.za
+27 28 514 2694
49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

1. **Opening & Gebed**
   Mnr Adams open met gebed. Rdl Libazi verwelkom almal by die vergadering.

   Bywoning soos per register - Jeffrey Matthysen maak verskoning.

Rdl Libazi gee vir Mnr Bester en Mev Wasserman geleentheid om die vergadering te open.

2. **Kragboks opdatering**

Mev Wasserman stel vir Richard Sidina voor, 'n verteenwoordiger van Syntell , hulle is verantwoordelik vir installasie van die nuwe elektrisiteit "token" sisteem. Die proses was alreeds in November 2022 begin. Die verteenwoordiger verduidelik hoe die proses werk en waarom dit nodig is om die nuwe sisteem te installeer. Aan die einde van November 2024 gaan "tokens" wat gekoop was nie meer werk as kragbokse nie met die nuwe sisteem opgedateer is nie. Omdat die sisteem dan op STS6 en nie meer STS5 is nie, sal die sisteem nie die tokens herken nie. Die opdatering gebeur landwyd, nie net in Swellendam nie. Die sisteem is aan die einde van sy lewenspan en sal na 30 jaar weer moet opgedateer word. Na installasie, sal 'n rooi STS6 plakker op die kragboks geplak word. Die munisipaliteit vat nou 'n "targeted approach" vir spesifieke areas om die installasies te doen. Syntel beplan om te gaan met 2 installerders na elke eiendom in die informele nedersetting om die opdatering te doen, hulle dra geel veiligheids baadjies en naam bordjies wat hulle identifiseer. As mense nie tuis is nie, sal Syntell 'n nota los waarna die inwoners die munisipaliteit moet bel vir 'n afspraak. Die installeerders neem fotos van die krag boks voor en na installasie as bewys van die toestand van die kragboks asook om te bewys dat eenhede nog dieselfde is. Die munisipaliteit doen die opdatering gratis, diegene wat na die verval datum van November 2024 nog nie die opdatering gedoen het nie gaan dan moet betaal vir die installasie omdat die kontrakteur (Syntell) dan spesiaal uitgebel moet word om dit te doen. Mev Wasserman vra of die komitee gemaklik is om met die proses te begin volgende week Maandag (17 Junie). Die komitee besluit om vir Mev Wasserman 'n antwoord te gee na die Wyks Terugvoering Vergadering op 11 Junie.

Rdl Libazi en die komitee is baie dankbaar vir die verduideliking van die proses.

3. **Mast Ligte**
   Mnr Bester gee terugvoering oor die mast ligte. Dit was op die IDP gesit. Rdl Libazi het gehelp om te besluit waar die ligte mees behulpsaam sal wees vir die gemeenskap. Die ligte het sonkrag batterye, wat beteken dit sal aanhou werk deur loadshedding. Die intensie is om nog ligte op te sit, watokal nou gedoen word moet die "block development" komplimenteer. Die idee van die "block development" is om paaie en ander basiese infrastruktuur te bou, om sodoende vure te voorkom en makliker te beheer. Dit gaan dit baie makliker maak vir amptenare en die brandweer om rond te beweeg en by water toevoer uit te kom.

Mnr Monwabisi vra hoeveel ligte opgesit word? Daar word 2 ligte op gesit. Rdl Libazi verduidelik waar die ligte opgesit word.

Mnr Monwabisi noem dat daar veiligheids risiko is rondom die ligte. Mnr Bester noem dat hy weer met die kontrakteer sal praat, daar moet versperring rondom die ligte wees soos beplan sodat die kinders nie kan ingaan nie.

4. **7de Laan Paaie**

Tenders vir die projek is klaar uitgestuur. Tenders is nou toe, die munisipaliteit is besig om evaluasie van die tender te doen. Al die papier werk en termes van die kontrak moet bevestig word. Die projek sal begin word in Russouw Straat. Die pad word van onder af begin om die spoed van stormwater te verminder. As daar bo begin word, gaan die water vinniger af beweeg omdat daar nie stormwater slote is nie - dit is 'n risiko. Die projek sal hopelik in mid-Julie begin as alles vlot verloop. Dit is 'n 3 jaar proses, een kontrak per jaar.

Mnr Monwabisi vra of Rondomskrik ook gedoen gaan word? Mnr Bester sal 'n kaart met die planne vir die komitee voorsien om te sien presies waar die paaie gedoen gaan word. Dit is deel van die plan is om al die grondpaaie te vervang met "segmented" plaveisel.

5. **Vorige Notules**
Vorige notules word deur gelees vir aanvaarding. CPW verteenwoordiger Peter Fischer moet al die vergaderings bywoon. Rdl Libazi noem dat die tariewe goedgekeur is deur die raad. Niemand uit die gemeenskap het hulle begroting insette deur gegee aan die munisipaliteit nie. Notules word genomineer vir aanvaarding deur Francina Maneval, Felicia Joseph sekondeer.

6. **Skoonmaak van informele nedersetting**
Die gemeenskap in die informele nedersetting is baie bekommerd oor hoe vuil dit daar is, daar is ook 'n vreeslike reuk. Komitee lede se dat die gemeenskap 'n verantwoordelikheid het om die area skoon te hou. As die munisipaliteit vullis weg ry, is dit die volgende dag weer net so vuil. Gebruikde water van kos, toilette en wasgoed word in die pad gegooi wat grootliks bydra na die stink reuk omdat daar nie dreinering is nie. Komitee lede en die gemeenskap moet met mekaar praat en mekaar reg help as hulle sien mense gooi vullis op die sypaadjies. Ons het almal 'n verantwoordelikheid om ons omgewing skoon te hou saam met die munisipaliteit. Die komitee is die oë en ore van die munisipaliteit, so ons kan nie terug sit en kyk hoe mense vullis strooi nie. Dit is 'n wetsoortreding, "law enforcement" moet gebel word, as ons die een los om vullis te strooi, gaan almal dit doen.
Swartsakke is 'n groot probleem in die informele nedersetting, dit dra by tot die probleem. Paaie word ook nie gevee nie.

Die komitee bespreek vark dromme - dit kan dalk deel wees van die oplossing. 'n Plan of sisteem moet uitgewerk word om die vullis probleem aan te spreek.

7. **Informele nedersetting komitee**
'n Komitee is nodig in die informele nedersetting wat die wyks komitee kan help met informasie en idees. Wanneer die informele nedersetting ontwikkel word sal die insette van so komitee kosbaar wees. Dit sal soos 'n sub-komitee wees. Die komitee sou baie voordelig wees toe die brand gebeur het.

Komitee lede noem dat ons moet versigtig wees en uitle presies wat die funksie en kragte van die informele nedersetting komitee sal wees om nie die wyks komitee se funksie oor te neem nie, die komitee moet onderdanig wees aan die wykskomitee en net dien as 'n bron van informasie en insette.

8. **Sektor forms bespreking**
Speaker se klerk verduidelik dat die forms die doel het om terugvoering te kry vanaf die gemeenskap om die wyks komitee te verbeter en inligting te versamel. Komitee lede moet die vorms neem na mense in hulle sektore om te voltooi. Wyk 5 is nie in sektore nie, maar is geografies uitgele.

Mnr Adams voel dat die vorms voordelig sal wees vir die komitee. Rdl Libazi en Mnr Monwabisi voel dat die vrae op die vorms nie gepas is vir die wyk nie en moet geformuleer word volgens die wyk en die kwessies in die wyk. By die volgende vergadering sal die inhoud van die vorms met speaker bespreek word om dit beter aan te pas vir die wyk se benodighede.

Rdl Libazi noem dat "loud hailing" absoluut die beste manier is om vir die gemeenskap kennisgewing te gee van vergaderings, dit was al baie aan munisipale bestuur en speaker genoem maar dit is nogsteeds nie geimplimenteer in die wyk nie. Dit werk nie om briefies uit te deel nie en mense het nie toegang na sosiale media soos Whatsapp, Emails of Facebook nie.

9. **Afsluiting**
Rdl Libazi sluit die vergadering af en herinner lede oor die terugvoering vergadering wat plaasvind op 11 Junie in die informele nedersetting, daarna sal ons nog 'n terugvoering vergadering reel vir 7de laan.

+27 28 514 8500
info@swellenmun.co.za
swellenmun
www.swellenmun.co.za
+27 28 514 2694
49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

Notule van wyk 5 Terugvoering Vergadering gehou op 11 Junie 2024 om 17h00 te Informele Nedersetting (Hoek van Angelier Straat)

Bywoning soos per register

1. Behuising
   Nuwe behuisings projek word bespreek. Inwoners wil weet wanneer die huise afgegee gaan word by die nuwe behuisingsprojek in Rondomskrik.

2. Mass ligte
   Inwoners verwelkom mass ligte en versoek dat dit uitgebrei moet word na ander punte ook.

3. Nuwe informele nedersetting komitee
   'n komitee spesifiek vir die informele nedersetting moet gestig word. Inwoners verlang verduideliking oor die werksaamhede van die nuwe komitee. Munisipale amptenare moet kom verduidelik.

4. Kragmeters wat verander moet word voor November 2024
   Inwoners is ontevrede met die proses omrede hulle koopkrag eenhede net verdwyn het vanaf die meter met die vorige rondte. Inwoners versoek verduideliking oor hoe die nuwe koopkrag stelsels gaan werk in die toekoms.

5. Klagtes ontvang:
   - Skoonmaak van die informele nedersetting is 'n groot bekommernis vir die gemeenskap
   - Kragtariewe is te hoof
   - Donker areas in die plakkerskamp is gevaarlik en moet aangespreek word
   - Meer beligting is nodig in die informele nedersetting
   - Toiletgeriewe werk nie meer nie. Bure wat se toilette werk, sluit die toilette. Inwoners verlang dat daar gekyk moet word na toilette en dat 'n program of stelsel uitgewerk moet word rondom die gebruik van toilette.
   - Inwoners ontvang nie swartsakke in die informele nedersetting nie.
   - wat gaan met die ou toilet gebou gebeur?
6. Afsluiting
   Vergadering verdaag om 20h20 in goeie orde.